

KOERSVAS

Jaargang 2 Uitgawe 28 15 November 2013

In hierdie uitgawe:

Redaksioneel

Nuusbrokkies

Kennisgewings



REDAKSIONEEL

Staat van Belydenis: Anker

Die nuutste aanslae teen predikante, ampsdraers en lidmate het met die Staat van Belydenis te make. Predikante word nou met 'n ultimatum gekonfronteer; trek terug jou ondertekening of dra die gevolge (wat insluit ontheffing uit die amp).

Skietlood 9 (8 Maart 2013) het die inhoud van die Staat van Belydenis weer ondersoek en bevind dat daar goeie gronde vir die ondertekening van die dokument is. Die KommAKV hou voet by stuk dat dit alles en almal van die NHKA tot ketters verklaar. Dit doen hulle ten spyte van die aandrang in die Staat van Belydenis self dat die dokument die NHKA met 'n wekroep wil waarsku oor ernstige probleme.

*So terloops, die dokument wat die basis van vervolging geword het, is nog deur **geen** NHKA Ouderlinge vergadering, Ringsvergadering of AKV teologies beredeneer en evalueer nie. Die halfgebakte verwerping van die dokument deur die 69e KommAKV is die resultaat van hulle onregmatige aanmatigende magsvergrype, sonder enige mandaat.*

Teen 'n agtergrond van aanhoudende vervolging en viktimisasie moet die vraag na mense se motivering gestel word. Waarom deel word van 'n groep wat vervolgd word bloot omdat jou handtekening op 'n dokument verskyn? Waarom gebeur dit dat so baie lidmate en gemeentes hulself die gramskap van die NHKA op die hals haal deur met steeds Hervormers te identifiseer en selfs onafhanklik te word?

Deel van die antwoord kan teruggevind word in die Staat van Belydenis, 'n dokument wat onbeskaamd standpunt inneem. In 'n tyd waarin soveel mense oor die meeste sake onseker is, stel die Staat van Belydenis sekere sake in geen onseker terme. Die susterkerke word met reg daarvan beskuldig dat hulle mense so ter wille wil wees, dat daar oor geen saak onwrikbaar standpunt ingeneem kan word nie. Mense stroom na kerke wat tradisioneel vermy is deur die Afrikaner. Lidmate wil sekerheid hê. Hulle gaan nie altyd van die antwoord hou nie, maar hulle gaan 'n besliste antwoord respekteer en daarmee kan saamlewe. Juis daarom moet die antwoord nie elke maand verander soos die nuwe modegier of

kerkgier intree nie. Mense wil kan weet wat die kerk vandag sê, is wat dit oor tien jaar steeds gaan sê. Die Staat van Belydenis neem onvervaard standpunt in oor sewe sake:

1. Die mens is beelddraer van God en daarom moet alle mense as beelddraers van God behandel word. Daarmee saam bly dit so dat die beeld van God nie in die mens is nie. Die Oosterse gedagtes wat praat van die goddelike vonk wat in elke mens is, word verwerp. Mens en God word in die regte verhouding tot mekaar verstaan.

2. Die Evangelie van Jesus Christus bestaan daaruit dat die Seun vir ons mens geword het om ons sonde te kan dra. Hy het vir ons gesterf en opgestaan. Hy het nie vir ons deernis kom leer nie, **maar met deernis ons van die sonde kom red.**

3. Jesus kom weer, die ewige lewe is 'n werklikheid wat eendag gaan kom. Wederkoms en hemel is 'n evangeliese werklikheid. Intussen word ons daartoe geroep om die effek van die ewigheid in ons lewens toe te pas. Sosiale geregtigheid moet nagestreef word omdat ons op pad is na die ewigheid. Sosiale geregtigheid is nie die eindpunt nie.

4. Die ideale verhouding in hierdie bedeling is die huwelik tussen een man en een vrou. Hierdie twee word in liefde aan mekaar verbind. Enige ander verbintnisse is leë menslike pogings tot liefde vind. Onbeskaamd ten gunste van die huwelik!

5. Die belydenisskrifte is in ooreenstemming met God se Woord. In hierdie gejaagde lewe kan ons 'n Bybelgetroue verkorting terugvind in die Belydenisskrifte.

6. Die Bybel is die Woord van God. Ons kan die Bybel met vertroue lees en vas staan in die wete dat God Homself in net hierdie 66 boeke openbaar.

7. Die waarheid is baie belangrik. Dit is beter om die waarheid te praat; al is dit tot jou eie nadeel, as om die waarheid te verloën.

Hierdie sewe temas stel sonder kompromie belangrike oortuigings aan die orde. Al hierdie sake is in lyn met die proponentsondertekeningformule. Enige persoon wat met oortuiging die sake onderskryf, sal met sekerheid rondom hierdie sake kan lewe. Om iemand te vra om sy ondertekening van hierdie sake terug te trek, is om die persoon te vra om sy anker weg te gooi.

NUUSBROKKIES

- Die Geloofsbond het nou aangegroei tot 23 gemeentes. Oshakati het as eerste huisgemeente by ons aansoek gedoen. Baie welkom by ons.

- Ds Lewis Strauss en Ds Herman Gothan is die nuutste predikante wat teiken geword het van die KommAKV. Hulle is beide versoek om hulle ondertekening van die Staat van Belydenis terug te trek voor of op 'n sekere datum. Lidmate en ampsdraers van die gemeente Heilbron is versoek om skriftelik hulle handtekening terug te trek. Elkeen het 'n teikendatum ontvang.

- Meyerspark het 'n uiters suksesvolle dankdag gehou aan die einde van Oktober. Premieryn se 1 jaar Voortsettingsfees word saam met Nagmaal en die gemeente-ete gevier die naweek van 17 November.

- Lidmate wat wil bydra tot die betaal van die diensverskaffer (preke op internet), of net wil bydra tot die

Geloofsbond, moet kennis neem van die bankbesonderhede:

BANKBESONDERHEDE:

Rekeningnaam: Geloofsbond van Hervormde Gemeentes

Bank: Eerste Nasionale Bank van Suid Afrika (FNB)

Rekeningnommer: 6243 092 3088

Tak: Pretoria Noord

Takkode: 250 655

KENNISGEWINGS

- Eredienste op die internet. Ons herhaal hierdie brokkie om geduld en ondersteuning te bewerkstellig. Die goeie nuus dat u nou op www.steedshervormers.co.za preke en eredienste op mp3 formaat kan luister of aflaai, het 'n kinkel in die kabel. Die onverwagse ondersteuning van die diens het beteken dat die bandwydte wat aangekoop is, uitgeput is. Bandwydte is beskikbaar teen \$360 (±R3600). Ons ondersoek alle moontlikhede om die diens so wyd moontlik beskikbaar te stel. Enige ondersteuning in terme van inligting oor diensverskaffers, skenkings of gasheer moontlikhede moet asseblief aan Yvette Otto (072 223 7522) gekommunikeer word. Ons oorweeg ook die moontlikheid om net die preekgedeelte te plaas, met een volledige erediens per week.

- Lewensbrood 2014 - Baie dankie aan al die gemeentes wat reeds hul bestellings geplaas het. U is steeds welkom om daardie ekstra paar laat bestellings ook deur te stuur!! Soos u bewus is is die sluitingsdatum vir bestellings vir die dagboek Lewensbrood 2014 reeds vandag, die 15e November 2013. Daar is egter 'n paar gemeentes wat nog nie hul

bestellings geplaas het nie en ek wil graag 'n baie mooi maar ernstige beroep op u en u gemeente doen om u bestelling vandag nog in te dien. Dit is baie belangrik want die drukker MOET die getalle vandag hê ten einde die nodige beplanning te kan doen om die boeke reg te hê vir verspreiding gedurende Desember 2013. Stuur onverwyld u voltooid bestelvorm - soos hieronder aangeheg - direk aan shervormers@gmail.com. Indien dit nie moontlik is nie kan u selfs net voorlopig u gemeente naam en die getal wat u bestel na my loopfoon stuur: 072 3567 189. Dan kan u later die vorm deurstuur. Ek moet die vorm ook hê. Geliewe ook te onthou dat dit belangrik is om u bewys van betaling deur te stuur na dieselfde adres of faks **086 7243 297** Ek is daarvan oortuig dat die boek weer 'n pragstuk sal wees. - Annetjie Sandrock

- Premiermyn Hervormde Kerk bied DV die 29 & 30e November hul jaarlikse **Kuns en Kersmark** aan. Enige persoon wat belangstel om 'n stalletjie met kwaliteit produkte te bespreek skakel met **Alta 082 682 1252** of **Annetjie 082 921 8200**

- Premiermyn Hervormde Kerk hou DV 29 November 'n Kersliedjie by Kerslig geleentheid. Almal is welkom. Bespreek gerus vir u gemeentede 'n plekkie by Annetjie 082 921 8200

- **KOERSVAS EN DIE SKIETLOOD JAARGANG 1 KAN BESTEL WORD @ R40 PER EKSEMPLAAR. BESTEL SO GOU MOONTLIK BY ADMIN.**

- Stuur u kennisgewings en nuusbrokkies na j.otto@telkomsa.net of na admin@steedshervormers.co.za vir opname in die volgende Koersvas.